

**Opening van Fasiliteitsbestuur se nuwe gebou,
Universiteit Stellenbosch (US), 16 Mei 2012**

Opmerkings deur prof H Russel Botman, rektor en visekanselier van die US

Middag, almal. Molweni. Good afternoon. *This is the second new building that we are opening in two days; and three weeks ago we opened a third – the new Food Sciences building. It is great to see our strategy for creating 21st century learning, living and work spaces taking shape.*

Through the HOPE Project Stellenbosch University is well positioned to change the world. But to enable us to tackle this ambitious mission, we need the right facilities.

Hierdie gebou is 'n goeie uitbeelding van die soort fasiliteite wat ons nodig het: groen, slim en funksioneel. Ek praat vlugtig oor elke aspek.

Dis 'n GROEN gebou in 'n aantal opsigte, bv. kragverbruik. Hierdie gebou gebruik net 65% van die elektrisiteit wat standaard vir hierdie soort struktuur is. Die 35% wat gespaar word, is R128 000 per jaar werd.

Maar die ware impak strek veel verder. Minder krag beteken 'n kleiner koolstofvoetspoor. En minder koolstof beteken ons help aardverwarming teenwerk.

Hoe kry hierdie gebou dit reg? Die twee grootste kragverbruikers in geboue is lugreëling en elektriese ligte.

Hierdie gebou is so geplaas dat hy nie te warm in die somer word nie, en nie te koud in die winter nie. Die groot dakoorhange, en die strategiese gebruik van houtpanele aan die buitekant help ook om die gebou koel in die somer en warm in die winter te maak. Op hierdie manier word die gebruik van lugreëling tot die minimum beperk

En wanneer lugreëling wél gebruik word, doen hierdie gebou iets baie SLIM. Hy benut die koue in die water van die Eersterivier om die warm lug in die gebou af te koel. En ná die tyd word dieselfde water benut om die Lentelus-sportgronde hier langsaan nat te lei. Wat hierdie proses moontlik maak, is 'n reuse opgaartenk net langs die gebou, met 80 000 liter water uit die Eersterivier.

Wat ligte betref, word die gebruik van elektriese lig beperk deur die beste moontlike gebruik van natuurlike sonlig. Boonop is die ligte almal van die kragbesparende soort.

En wanneer ligte wel gebruik word, doen hierdie gebou weereens iets SLIM. Ligsensors meet die hoeveelheid sonlig wat inkom, en demp die ligte outomaties om daarby aan te pas. En daar is ook bewegingsensors wat ligte in toe vertrekke afskakel drie minute ná jy die vertrek verlaat het.

I have covered some of the building's green and smart aspects. Let me now highlight another aspect – its FUNCTIONALITY. For the first time, it brings together the four departments of Facilities Management, that is, Properties Services, Planning and Development, Risk & Protection Services, and Facilities Services.

Previously these departments and the staff members involved were scattered in three buildings all over the campus. Now they are under one roof – which means they don't have to schedule meetings and travel all over campus to do their work.

This brings me to how the space inside the building is organised. This building is a showcase of where the University is heading in terms of office design.

Most of our existing buildings come from an era of one or two people working in their own large offices. This building is the opposite. It mostly features open-plan work spaces. This represents a more efficient use of space. But it also changes the way people work and relate to each other. Communication is easier and quicker. And colleagues work together better.

Like all things new, it will take some time getting used to, but this is the way the world is moving, and Maties will not be left behind. Well done to Facilities Management for setting an example

Daar is nog twee aspekte wat ek wil noem onder die FUNKSIONALITEIT van hierdie gebou. Eerstens, dis op die periferie van die kampus. Dit is in ooreenstemming met die Kampusmeesterplan, wat bepaal dat diensafdelings na die buitekant toe skuif om ruimte in die kern beskikbaar te stel vir akademiese en navorsingsafdelings wat eerder daar moet wees.

Die feit dat Fasiliteitsdienste hierheen getrek het, het die Ou Conserve beskikbaar gestel, wat nou vir die Buro vir Ekonomiese Onderzoek ingeruim word, wat van 'n duur gebou in Tegnopark af terugkeer na die kampus teen 'n aansienlike besparing

En laastens huisves die gebou ook die Universiteit se wêreldklas Fasiliteite Operasionele Sentrum. Vir die eerste keer vind monitering nou in een vertrek plaas:

- van al ons kameras by geboue en op ander plekke;
- van al ons brandalarms, rook-alarms, dief-alarms, koelkas-alarms; en
- van ons noodkragopwekkers.

Fasiliteitsbestuur se 24-uur hulptonbank word ook van hier af bedryf.

Dames en here, vir almal wat gehelp het om hierdie gebou funksioneel en slim en groen te maak, baie dankie, en baie geluk. *Thank you for making hope happen.*

'n Maand gelede het ons aangekondig dat ons tot dusver groot sukses behaal met die HOOP Projek as befondsingsveldtog. En daarvoor is ons dankbaar teenoor die vennote en ondersteuners van die Universiteit. Wat ons ook sê, is dat 'n nuwe kwantum-uitdaging nou voorlê. En daarvoor gaan ons weereens op skenkers moet staatmaak.

Hierdie gebou het R24 miljoen gekos. Maar hy het nog nie 'n naam nie. Potensiële skenkers wat hul naam aan hierdie mooi, slim, groen plek wil koppel, kan gerus met ons kom praat.

Ladies and gentlemen, thank you for your attention. Please enjoy the rest of the evening.